**PERSOONLIKE NOTAS**

Lees elke Skrifgedeelte herhaaldelik totdat die Heilige Gees dit lewend maak vir jou.

Die Woord, Jesus Christus, moet ons vlees infiltreer. God se wil en doelstelling moet in en deur ons manifesteer.

*"Thy Kingdom (that is the rule, government or management of God) come. Thy will be done IN earth, as it is in heaven." Matt. 6:10, KJV.*

## Lesing 1: Die Spieël van Jou Gedagtes

*"Want soos hy in sy siel bereken, so is hy…" Spr. 23:7*

### Die Onsigbare Lens van Selfbewustheid

Het jy al ooit gewonder hoekom die lewe dikwels swaarder voel as wat dit behoort te wees? Ons worstel met vrae soos: *Wat dink God van my?* en *Waarom sukkel ek met vrees, twyfel en moedeloosheid?* Tog fluister die Evangelie 'n eenvoudige waarheid: God het jou as 'n oorwinnaar geskape.

*"Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld…" 1 Joh. 5:4*

*"Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus…" 2 Kor. 2:14*

Maar, die meeste mense leef asof hierdie waarhede slegs teoreties waar is, omdat hulle nie verstaan dat hul gedagtes die spieël van hul siel geword het nie.

Wanneer jy voortdurend dink dat jy nie goed genoeg is nie, vorm daardie denke jou wêreld. Soos C.S. Lewis sou sê: *"The heart is the true workshop of creation; it is there that our thoughts become clay in the hands of God, with which He shapes His image within us."*

### Van Verstandskennis tot Openbaringskennis

Om bloot Bybelkennis te hê, verander min. Selfs satan kon Skrif aangehaal het. Ons vind dat die verskil lê in Openbaringkennis, wanneer die Heilige Gees die sluier van ons verstand lig, en Christus self sigbaar word in Sy Geskrewe Woord, die Bybel.

Efésiërs 1:17–18: *"Dat die God van ons Here Jesus Christus... aan julle die Gees van wysheid en openbaring in die kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand..."*

Hierdie VERLIGTE OË is nie fisiese oë nie, maar geesoë van insig. Dit is die verskil tussen om *iets* van God te weet en om Hom te ken.

Lydia, die purperverkoopster (Hand. 16:14), het na Paulus geluister, maar dit was die Here wat haar hart geopen het om te verstaan. Só ook moet elkeen van ons toelaat dat die Gees ons geesoë oopmaak, sodat ons Geesinsig kan verkry in wat geskrywe staan.

### Die Herprogrammering van die Siel

Die menslike siel, ons denke, wil en emosies, is soos sagteware wat deur die wêreld geprogrammeer is. Kultuur, ouers, opvoeding en selfs godsdiens skryf kodes van beperking in ons. Maar, die Heilige Gees kom om ons te herprogrammeer; om die gedagtes van Christus in ons te vestig.

*“Want wie het die sin (mind of gedagtes) van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus.” 1 Kor. 2:16*

Daarom kan jy God nie deur die natuurlike verstand verstaan nie. Dit is die Gees alleen wat waarheid kan openbaar.

*“Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.” Joh. 16:13*

En hierdie waarheid is nie ‘n leerstelling nie, dit is ‘n Persoon: Jesus Christus self.

*“En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak. As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.” Joh. 8:32, 36*

**Die Koninkryk in Jou**

Wanneer Jesus leer hoe ons moet bid in Matt. 6:10: *“Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel, so ook **op aarde.**”* sou die oorspronklike Griekse teks beter vertaal gewees het met ***“IN AARDE.”*** Maar, van watter aarde word hierna verwys? Die aarde waaruit jy gevorm is.

*“En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde…” Gen. 2:7*

Met ander woorde, God se Koninkryk moet in jou kom, Sy regering, Sy orde, Sy bestuur, Sy vrede. Wanneer Christus in jou woon, word jy die aarde waarin die hemel se Saad geplant word (1 Pet. 1 23).

**Jy word Sy Woonadres**

Toe jy Jesus Christus as Saligmaker aangeneem het, het Hy nie net jou sondes vergewe nie; Hy het Sy intrek geneem in jou gees.

*“Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.” 1 Kor. 6:17*

Waar jy ook al gaan, of dit in jou kombuis is, by die werk, in jou motor of selfs in jou foute, Hy bly in jou. Hy is nie ‘n gas wat af en toe kom kuier nie; Hy is die Bewoner van jou innerlike huis. Jou hart is Sy woonplek, Sy adres, Sy Koninkryksterrein.

**Die Vernuwing van jou Siel**

Na weergeboorte (Joh. 1:12-13; 3:1-8) begin ‘n nuwe reis: Die herstel van jou siel. Paulus skryf: *“**ONDERSOEK** julself of julle in die geloof is. **TOETS** julleself. Ken julle julleself dan nie? Besef julle dan nie dat Jesus Christus **IN** julle is nie?” 2 Kor. 13:5, 2020 Vertaling*

**PERSOONLIKE NOTAS**

Slegs die Heilige Gees van God kan die heerlikhede en verborgenhede van God aan ons bekend maak deur die herprogrammering van ons gedagtes na Christus-gedagtes.

PERSOONLIKE NOTAS

*"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my..." Gal. 2:20*

Die mens wat vandag Christus volg, begin stadigaan anders dink, praat en leef. Hierdie groei kom deur verhouding, nie deur reëls nie. Soos ons Hom persoonlik leer ken, verander ons van binne af.

*"Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord (Jesus Christus), wat in staat is om julle siele te red (hertel)." Jak. 1:21*

Hierdie *"ingeplante Woord"* is Christus self. Hy bewoon nie net jou gees nie; Hy herstel jou denke.

*"En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: DIE WOORD VAN GOD." Open. 19:13*

**Van Eksterne Godsdiens na Innerlike Lewe**

Die rede waarom baie Christene nie in oorwinning leef nie, is omdat hulle aan 'n eksterne godsdiens vasklou. Hulle dien 'n God *"daar buite"* eerder as *"'n Christus in hulle."* Hulle het leerstellings, maar geen lewe nie.

Die resultaat is 'n geloof wat oorlaai is met vrees, skuld, ongeduld en bitterheid. Maar, ware geloof is die stille wete dat Christus leef in my en deur my word Sy Koninkryk openbaar.

*"En toe Hy deur die Fariseërs gevra is wanneer die koninkryk van God sal kom, het Hy hulle geantwoord en gesê: Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die KONINKRYK VAN GOD IS BINNE-IN JULLE." Lukas 17:20-21*

**Samevatting**

Wat jy van jouself dink, word die kompas wat jou elke dag lei, dikwels sonder dat jy dit besef. Elke gedagte oor jouself is soos 'n saadjie wat jy in die grond van jou hart plant. As jy jouself voortdurend sien as gebroke, onwaardig of mislukkend, sal jou optrede daardie geloof reflekteer. Maar, as jy jouself begin sien soos God jou sien, as Sy kind, Sy woning, Sy geliefde, dan begin jou lewe die beeld van Christus dra. 'n Mens leef nooit hoër as die gedagtes wat hom dryf nie. Jou denke is die brug tussen wat jy glo en wat jy doen.

Jou woorde is die stem van jou denke; hulle kondig aan wat in jou hart woon. Wanneer jy dus oor jouself praat, spreek jy lewe of dood (Spr. 18:21). Om te sê *"Ek is swak"* wanneer Christus in jou woon, is om teen die waarheid te praat. Om te sê *"Ek kan nie"* wanneer Hy sê *"Ek kan"* (Fil. 4:13), is om jou eie tong teen jou siel te draai. Ware geloof begin wanneer jou denke en jou woorde in lyn kom met God se siening van jou. Jou daaglikse optrede is nie bloot gewoontes nie — dit is die uitdrukking van jou innerlike oortuiging.

**Besprekingsvrae**

1. Wat beteken *"Want soos hy in sy siel bereken, so is hy…?"*

2. Wat is die verskil tussen Bybelkennis en Openbaringskennis?

3. Wie open ons geesoë om God te verstaan?

4. Wat beteken dit dat ons die *"sin of gedagtes van Christus"* het?

5. Wat bedoel Jesus met *"laat U Koninkryk kom... IN aarde?"*

6. Waar woon Christus na jou weergeboorte?

7. Wat beteken dit om die *"ingeplante Woord"* te ontvang?

8. Waarom verstaan die natuurlike mens nie God nie?

9. Hoe kan 'n mens weet dat hy groei in Christus?

10. Wat keer Christene om in oorwinning te leef?

**Besprekings Antwoorde**

1. Jou gedagtes vorm jou identiteit; wat jy glo oor jouself, bepaal hoe jy leef.

2. Bybelkennis is verstandelike begrip; openbaringskennis is geestelike insig wat deur die Heilige Gees kom.

3. Die Heilige Gees alleen (Ef. 1:17–18; Hand. 16:14).

4. Dat die Heilige Gees ons denke transformeer om soos Christus te dink en waar te neem.

5. Die *"aarde"* verwys na ons menslike liggaam, die Koninkryk moet in ons gevestig word.

6. In die gees van die weergeborene; ons word Sy woning (1 Kor. 6:17).

7. Om Christus self toe te laat om jou denke en emosies te vernuwe, Hy is die *"ingeplante woord"* waarvan Jakobus praat. (Jak. 1:21).

8. Omdat die siel, denke, wil en emosie, beperk is tot natuurlike persepsie. God is Gees (Joh. 4:24) en juis daarom moet ons weergebore word sodat God ons gees kan opwek om die dinge van die Gees te verstaan.

9. Wanneer jou denke, optrede en reaksies begin ooreenstem met Sy karakter.

10. 'n Eksterne godsdiens sonder innerlike verhouding, om oor God te praat, maar Hom nie te ken nie. Met ander woorde, nie met Hom in verhouding leef nie.